
'n Kritiese beskouing van die plek van Christelike hoër onderwys in hoër onderwysstelsels

*Prof. C.C. Wolhuter**

*Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies
(AROS)*

Tel. 021 847 1500

Charl.Wolhuter@nwu.ac.za

Dr. M. Diedericks

*Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies
(AROS)*

morne.diedericks@aros.ac.za

*Aan wie korrespondensie gerig moet word

Opsomming

Die doel van die navorsing waaroor daar in hierdie artikel verslag gedoen word, is vierledig. Die eerste doel is om die vraag of daar 'n behoefte aan en bestaansgronde vir Christelike hoër onderwys is, te ondersoek. Die tweede is om die omvang van Christelike hoër onderwys te ondersoek. Ten derde word beoog om vas te stel wat die gehalte van Christelike hoër onderwys in die huidige tydsgewrig is. Die vierde doel is om die antwoorde op die eerste drie vrae uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt tot 'n sintese te bring. Die navorsingsbevindinge toon dat daar, aan die hand van demografiese en menseregte-oorewegings, beslis gronde vir die bestaan van Christelik gefundeerde hoër onderwys is. Christelik gefundeerde hoër onderwysinstellings is wyd verspreid en sommige van

hierdie instellings word onder die uitnemendste universiteite geag. In hierdie artikel word ’n saak egter uitgemaak dat daar ’n behoefte aan ’n omvattende instrument bestaan om die mate van Christelike oriëntering aan Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings te bepaal, en ook aan die hand van so ’n instrument die omvang en gehalte van Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings te probeer peil. Op grond van hierdie internasionale oorsig, vertolk in die Suid-Afrikaanse konteks, word ’n saak vir die bestaan van Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika uitgemaak en aanbeveel dat sodanige instellings die tweeledige doel van Christelik lewensbeskoulieke sowel as onderwysmatige gehalte suiwer nastreef.

Abstract

A critical view of the place of Christian higher education in higher education systems

The aim of the research on which this article reports is fourfold. The first aim is to investigate the question of whether the existence of Christian-based education is justified. The second is to investigate the geographic extent of Christian-based higher education. The third is to assess the quality of Christian-based higher education. The fourth aim is to synthesise and interpret all these from a South African perspective. The findings of the research are that, based on demographic and human rights considerations, a case could be made for the existence of Christian-based higher education institutions. Christian-based higher education institutions are widely distributed, and some of these institutions have made it to the list of the highest ranked universities. However, it is argued that there is a need to develop an all-encompassing instrument to assess the extent and depth or quality of Christian-based higher education institutions. On the evidence of this international survey, a case is made out for the existence of Christian-based higher education institutions in South Africa. It is recommended that such Christian-based higher education institutions in South Africa uncompromisingly strive for the dual aims of Christian philosophical and education quality.

Sleutelwoorde

Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings, internasionale universiteitsranglere, menseregte, onderwysgehalte, Suid-Afrika

Keywords

Christian-based higher education institutions, education quality, global university rankings, human rights, South Africa

1. Inleiding

Dit het betreklik gemeenplaas geword om te verklaar dat Suid-Afrikaanse onderwys, hoër onderwys inkluis, in 'n sogenaamde krisis verkeer. Dit was weereens die boodskap van die onlangs vrygestelde onderwysverslag van die Oppenheimer Memorial Trust (2023). Uit die oogpunt van die Christelike wetenskapsbeoefening vra dit onder meer wat die rol of potensiële rol van Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings sou kon wees om hierdie krisis die hoof te bied. Die doel van die navorsing waaroor in hierdie artikel verslag gedoen word, is vierledig. Die eerste doel is om die vraag of daar 'n behoefte aan en bestaansgronde vir Christelike hoër onderwys is, te ondersoek: Is daar steeds voldoende gronde vir Christelike hoër onderwys in die omstandighede? Die tweede is om die reikwydte van Christelike hoër onderwys te ondersoek: Hoe wyd verspreid is Christelike hoër onderwys tans? Die derde doel is vas te stel wat die gehalte van Christelike hoër onderwys is. Die vierde doel is om die antwoorde op die eerste drie vrae uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt tot 'n sintese te bring.

Alvorens hierdie drie vrae en die sintese opeenvolgend aan die bod gestel word, word die begrip “Christelike hoër onderwys” eers verduidelik. Vir die doeleindes van hierdie artikel word die volgende definisie van J.G. Vos as werkende definisie van Christelike onderwys geneem: Christelike onderwys is onderwys waarvan die basis en verenigde beginsel die Christelike beskouing van God, die mens, die heelal en menslike verhoudinge is (Vos, 1980).

2. Teoretiese raamwerk

Hierdie navorsing is gedoen op grond van die teoretiese raamwerk van die vakwetenskap vergelykende opvoedkunde (vgl. Wolhuter, 2022). Die

oogmerk van vergelykende opvoedkunde is onderwysstelsels en -instellings, in samehang met hul maatskaplike konteks (*ibid.*). Onderwysstelsels en -instellings word deur kragte in hul maatskaplike kontekste in aansyn geroep en kan daarom verstaan en geëvalueer word alleenlik deur hulle in hul samehang met hul maatskaplike kontekste te beskou.

Die leemte wat hierdie artikel aanvul, is die volgende: In die vakwetenskap vergelykende opvoedkunde blyk religie as kontekstuele faktor in die vorming van onderwysstelsels verwaarloos te wees, aangesien dit nie op die navorsingsagenda van vergelykende opvoedkunde verskyn nie (vgl. Wolhuter, 2008; Wolhuter, Espinoza & McGinn, 2024). Die wetenskaplike gesprek oor religie in onderwys het baie vereng geraak in ’n kritieklose aanvaarding van die tendens om religie uit onderwysstelsels en -instellings (veral openbare onderwysstelsels en instellings) te haal (vgl. Wolhuter, 2012). Waar navorsing uit die invalshoek van menseregte en onderwys uitgevoer word, is die neiging eweneens na ’n klakkelose aanvaarding van hierdie tendens (vgl. bv. Davies, 2007; Hagesaether & Sandsmark, 2006). Die vaktydskrif *Human Rights Education Review* se onlangs gepubliseerde spesiale uitgawe (volume 5, nommer 1, 2022) oor menseregteonderwys en godsdiensonderwys vra dat ’n meer objektiewe, meervoudige en kritiese benadering oor religie in onderwys ontwikkel behoort te word op grond van die beginsels van menseregte (vgl. Lindhardt, 2022; Skeie & Stokke, 2022). Hierdie navorsing is ’n antwoord op daardie oproep, met die voorwaarde dat menseregte maar één maatskaplik-kontekstueel vormende krag van onderwysstelsels en -instellings is en die maatskaplike konteks as geheel verreken behoort te word wanneer oor onderwysstelsels en instellings besin word.

Dit behoort ook vermeld te word dat hierdie navorsing gedoen is vanuit die nuwe, opkomende navorsingstradisie van post-kwalitatiewe navorsing (vgl. Le Grange, 2018), spesifiek post-kwalitatiewe navorsing in vergelykende en internasionale opvoedkunde (vgl. Jules & Salajan, 2024). Hierdie tradisie word gekenmerk deur tydruimtelik gekontekstualiseerde navorsing, eerder as die konstruksie van teorie. Tweedens is hierdie opnamenavorsing verkennend en beskrywend (vgl. Mouton & Marais, 1992:123). Die doel daarvan is om die vier vrae wat aan die begin van die artikel gevra is, te probeer beantwoord. Die implikasies wat die uitkoms van hierdie navorsing vir teoriebou inhou, word aan die einde van die artikel uitgespel.

3. Die behoefte aan Christelike hoër onderwys

In hierdie afdeling word die vraag of daar hoegenaamd rede of gronde vir of 'n behoefte aan Christelike hoër onderwys bestaan, onder die loep geneem. Om hierdie vraag te beantwoord word die funksies van religie vir die mens en in die samelewing, die opkoms van menseregte as morele kode en die voorkoms van die Christendom in ag geneem. Religie vervul die volgende vier funksies in die menslike bestaan: om betekenis aan die lewe en aan die wêreld toe te ken; identiteitskepping; die skep van 'n gemeenskaplike etiek in 'n samelewing; en ondersteuning in die hantering van die eise van die lewe en die wêreld (Prouix, 2007:6).

Menseregte het die morele kode vir die huidige, geglobaliseerde wêreld geword (Prozesky, 2018:307-309). Die proto-dokument oor menseregte, die Verenigde Nasies se *Universele Verklaring van die Regte van die Mens*, 1948, bepaal in artikel 26 die volgende oor die reg tot onderwys (of dan onderwys as basiese mensereg):

- “1. Everyone has the right to education
2. Education shall be directed to the full development of the human personality and to the strengthening of respect for human rights and fundamental freedoms.
3. Parents have a prior right to choose the kind of education that shall be given to their children.”

Wat die voorkoms van die Christendom betref, het Christene in 2010 altesaam 31,4% van die wêreldbevolking uitgemaak en na raming sal dié getal dieselfde bly tot 2050 (Pew Research Center, 2015). Die getal Christene in die wêreld het in 2010 ongeveer 2,17 biljoen beloop en sal na raming teen 2050 tot 2,92 biljoen toeneem (*ibid.*). Die Christelike opvoedkundige tradisie beleef tans 'n ongekende herlewing regoor die wêreld, 'n tendens wat ook by (ten minste sommige van) die ander hoofreligieë merkbaar is (Turley, 2019:2). Turley toon aan dat ongeveer 80% van die wêreldbevolking aan een van die groot historiese wêreldreligieë toegewy is (*ibid.*). In Afrika suid van die Sahara groei die Christendom vinniger as die kontinent se bevolkingsgroei, wat op 'n uitermate groot getal nuwe bekeerlinge tot die Christelike geloof dui (*ibid.*). In die Midde-Ooste woon meer Moslems as ooit tevore in die geskiedenis van Islam religieuse byeenkomste in moskees by (*ibid.*). Sjina beleef tans ook wat moontlik die grootste Christelike herlewing ooit in die geskiedenis van die kerk mag wees (Turley, 2019:9).

Om saam te vat: religie vervul ’n reeks funksies in die lewe van individue en met betrekking tot die welsyn van ’n samelewing, dalk beter as enigiets anders of selfs onvervangbaar met enigiets anders. Om religie uit onderwys te weer, soos wat die tendens die afgelope sewentig jaar in openbare onderwys onteenseglik was (vgl. Van der Walt & Wolhuter, 2005; Wolhuter, 2012), is om onderwys te verskraal en die opvoeding en samelewing skade te berokken. Sodanige beleidsrigtings is ook teen die morele kode van menseregte, wat bepaal dat onderwys op die totale opvoeding van die kind gerig behoort te wees en dat ouers ’n voorkeurreg ten opsigte van die soort onderwys wat hul kinders ontvang, het. Die Christendom staan tans – getalsgewys – sterk en met die voorkeurreg van ouers ten opsigte van die religieuse grondslag van die onderwys wat hul kinders ontvang, wat reeds in openbare skole nie tot sy volle reg kom nie, kan daar geargumenteer word dat daar ’n plek vir Christelik gefundeerde onderwys in die private onderwyssektor bestaan.

4. Reikwydte van Christelike hoër onderwys

Daar bestaan tans ongeveer 31 000 universiteite in die wêreld en sowat 90 000 hoëronderwysinstellings in totaal. Teenoor die openbare onderwyssektor, waarin daar die afgelope sestig jaar ’n verwêreldlikingstendens was, is daar vanaf 1990 ’n groei in private onderwys. Wêreldwyd hanteer private onderwysinstellings tans 38% van alle inskrywings op die vlak van preprimêre onderwys, 19% op laerskoolvlak, 27% op hoërskoolvlak en 33% op hoëronderwysvlak (UNESCO, 2022).

Dit is moeilik om vas te stel hoeveel van die hoëronderwysinstellings — private sowel as openbare instellings — wêreldwyd Christelik gefundeerde instellings is. Dit is die geval aangesien dit moeilik is om die definisie hierbo, en ook enige ander definisie van Christelike hoër onderwys, in operasionele of meetbare terme te omskryf. Verder, al sou dit wel gedoen kon word, of in soverre dit wel gedoen kan word, is dit moeilik om geredelik inligting oor sodanige meetbare aanduiders van alle bestaande universiteite te bekom. Daar bestaan nie ’n databasis met sodanige inligting vir al die bestaande universiteite nie.

Een vinnige, dog enigsins onakkurate manier waarop ’n aanduiding van die reikwydte van Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings verkry kan word, is om te kyk hoeveel universiteitsname aanduidings van ’n Christelike

grondslag bevat. Die Webometrics Ranking of World Universities van die Spaanse Nasionale Navorsingsraad, wat al die bestaande universiteite volgens orde-grootte rangskik, het 32 232 universiteite in sy jongste lys (2023) opgeteken. In hierdie lys van name van universiteite kom die term “Christian” 114 keer voor, die term “Saint” 186 keer, die term “Pontifical” 51 keer, die term “Catholic” 46 keer, die term “Evangelical” 42 keer, die term “Lutheran” 27 keer, die term “Calvinist” drie keer, die term “Penticostal” twaalf keer, die term “Presbyterian” twaalf keer, die term “Methodist” 22 keer, die term “Anglican” twee keer en die term “Orthodox” elf keer (Spanish National Research Council, 2023). Ander navorsers wat die omvang van Christelik gefundeerde hoërondewysinstellings nagevors het, sluit Glanzer, Carpenter en Lantinga (2011:729) in, wat al meer as ’n dekade gelede 579 sodanige instellings buite die Verenigde State van Amerika en Kanada geïdentifiseer het.

Soos hierbo vermeld is, is naamgewing nie noodwendig ’n akkurate aanduiding van die intensiteit of lewensbeskoulike sowel as teoretiese, akademies wetenskaplike diepgang of selfs die teenwoordigheid van ’n Christelike grondslag van ’n bepaalde universiteit nie. Die beste wat uit bostaande oefening verklaar kan word, is dat universiteite met ’n naamaanduiding van ’n Christelike grondslag op al ses die kontinente voorkom en dat dit ’n aanduiding van die (historiese indien nie ook huidige) reikwydte van Christelik gefundeerde universiteite is. Die probleem is egter dat die aanduiding van ’n Christelike grondslag in ’n naam nie noodwendig ’n waarborg is dat sodanige grondslag met *de facto*-voorlewing en nalewing gepaard gaan nie. Die aanduiding van ’n Christelike grondslag kan dalk die omstandighede tydens die stigting van ’n universiteit baie lank gelede weerspieël, en nie die huidige omstandighede nie. Tweedens is dit seker nie ondenkbaar (of selfs moeilik om voorbeelde aan te haal) van hoërondewysinstellings met ’n sterk Christelike grondslag, waar hierdie grondslag nie in die naam van die instelling weerspieël word nie. Die derde voorbehoud wat in ’n ondersoek van die reikwydte van Christelik gefundeerde hoërondewysinstellings vermeld behoort te word, is dat die onderwysgehalte wat in die huidige globaal mededingende wêreld aan ’n Christelik gefundeerde instelling aangebied word, eweneens in ag geneem behoort te word by so ’n ondersoek.

Uit die bostaande kan afgelei word dat twee lyne van ondersoek nodig is, te wete die lewensbeskoulike diepgang of gehalte van instellings, sowel as die gehalte van daardie instellings se onderwysaanbod. In die volgende twee afdelings van die artikel val die soeklig op hierdie twee lyne.

5. Die lewensbeskoulike diepgang van Christelik gefundeerde hoër-onderwysinstellings

’n Meer gesofistikeerde wyse waarop die verspreiding en selfs die sterkte van die aanwesigheid van Christelike grondmotiewe van instellings bepaal sou kon word, benewens die name van instellings, sou wees om die missieverklarings van instellings te ondersoek. Behalwe dat dit onmoontlik is om alle universiteite se missieverklarings binne die bestek van een artikel te ondersoek, is die probleem ook dat daar ’n teenstrydigheid tussen missieverklarings en die praktyk kan bestaan.

Akers (1977) het die volgende vier onderwysmodelle rakende die verhouding van onderwysaanbod aan ’n hoëronderwysinstelling en die teenwoordigheid of sterkte van ’n religieuse dimensie voorgestel:

- **Volledige skeiding:** Religie en onderwys word geskei. Onderwys konsentreer net op die onderrig en leer van die kurrikuluminhoud.
- **Verbod:** Onderriggewers bied onderrigleermateriaal en religie as twee verskillende kennisterreine aan, met klem op die verskille daartussen.
- **Koppeling:** Onderriggewers gebruik natuurlike raakpunte tussen leermateriaal en religie
- **Versmelting:** Onderriggewers konsentreer op een weergawe van die werklikheid, gebaseer op religie.

Benne (2001) toon aan hoe ses uitnemende hoëronderwysinstellings in die Verenigde State van Amerika (Calvin Kollege, Wheaton Kollege, St. Olaf Kollege, Valparaiso Universiteit, Baylor Universiteit en die Universiteit van Notre Dame), ten spyte van felle druk om die pad van verwêreldliking te loop, wel daarin kon slaag om hul onderskeie Christelike grondslae te behou. Hy het ’n model opgestel waarmee die voorkoms en sterkte van die teenwoordigheid van ’n Christelike grondslag van ’n hoëronderwysinstelling bepaal kan word aan die hand van drie stelling aanduiders, naamlik:

- **visie:** die wyse waarop die universiteit sy missie en identiteit uitspel
- **rolspelers:** leiers, personeel en studentekorps van die universiteit
- **etos:** die onderskeidende karakter, sentiment, morele aard en rigtinggewende waardestelsel en geloof van die universiteit

Op grond van hierdie aanduiders het Benne (2002) ’n tipologie waarvolgens hoër-onderwysinstellings op ’n kontinuum ten opsigte van die teenwoordigheid, sterkte en eksklusiwiteit van ’n Christelike grondslag geplaas kan word, ontwikkel. Die tipologie bestaan uit die volgende vier kategorieë:

- **Ortodoks:** By ortodokse instellings deurdrenk die Christelike visie elke aspek van die instelling en is daar geen ruimte vir enige ander lewensbeskoulike bo-bou nie.
- **Kritiese massa:** Die instelling beoefen openlik 'n Christelike oriënteringswyse, wat ook die persoonlike oortuigings van 'n beduidende persentasie van die personeel en studente insluit, maar laat nietemin ruimte toe vir, of is inklusief ten opsigte van, ander lewensopvattinge.
- **Doelbewus veelvoudig:** Die instelling laat doelbewus ander lewensbeskoulike oriënteringswyses as die Christelike toe. Die Christelike is gevolglik slegs een van vele lewensopvattinge wat teenwoordig mag wees.
- **Toevallig veelvoudig:** Met verloop van die geskiedenis het dit onbepland gebeur dat die instelling lewensbeskoulik veelvoudig of inklusief geraak het, met die Christelike wat weereens slegs een van vele lewensopvattinge teenwoordig mag wees.

Die model van die versmelting van geloof, lewe en leer van Rasmussen en Rasmussen (2005) bestaan uit die volgende ses komponente:

- Kampusintegrasie-atmosfeer
- lewe van opvoeders
- studente
- onderrigdoelstellings
- leerervarings
- assesseringstrategieë

Daar behoort egter 'n model of meetinstrument wat op die totale instelling as mikro-onderwysstelsel betrekking het, te wees. So 'n model sal dus alle komponente insluit. Hierdie komponente van die onderwysstelsel of -instelling is onder meer die doel, missie, visie, beleid, programme, kurrikulum, student, dosente, onderrigmetodes, leermetodes, assessering en organisasiekultuur, asook interverhoudings in die konteks van, byvoorbeeld, die gemeenskap en religieuse strukture. Met so 'n instrument sal die sterkte van die Christelike grondslag van 'n hoëronderwysinstelling na behore gepeil kan word. (Kyk Steyn, Van der Walt en Wolhuter, 2015, vir 'n volledige oorsig oor die struktuur van 'n onderwysstelsel, met inbegrip van elke komponent daarvan.) Voor 'n behoorlike peiling van die reikwydte en gehalte van die Christelike grondslag van hoëronderwysinstellings gedoen kan word, behoort so 'n volledige meetinstrument eers opgestel en wetenskaplik geldig verklaar word.

6. Gehalte van onderwysaanbod

Gehalte van onderwys is ’n komplekse begrip, waarvan die bespreking buite die bestek van hierdie artikel val, maar waarna die geïnteresseerde leser na die uiteensetting van Wolhuter en Van der Walt (2018) verwys word. In Hoër Onderwys word die Internasionale Ranglere egter algemeen as maatstaf vir gehalte gebruik, ofskoon hierdie Internasionale Ranglere ook nie bo kritiek verhewe is nie (sien Wolhuter, 2023b). In hierdie artikel word die Internasionale Ranglere dan ook as maatstaf vir gehalte gebruik.

Uitdagings ten opsigte van die gehalte van die onderwysaanbod van ’n private hoëronderwysinstelling sluit in die getal studente-inskrywings en die vermoë van die instelling om die studente bevredigend te onderrig, ten spyte van, byvoorbeeld, ’n gebrek aan fondse (Levy, 2017:23). Hierby kan die politieke toestand van ’n land, wat dit vir private instellings wat geloofsbegrond is moeilik kan maak, gevoeg word (*ibid.*). Die beheer- en voorskriftelike raamwerk van die land se beleide kan groot druk op geloofsgeoriënteerde instellings se behoud van hul identiteit uitoefen. Drie verdere uitdagings in private hoëronderwysinstellings is finansiële tekorte wat maak dat instellings onder druk verkeer om hul onderrig te kommersialiseer; om fondse te bespaar mag instellings, ten einde fondse te bespaar, gereeld gebruik maak van deeltydse personelede wat nie die visie van die instelling deel nie of nie hul volle arbeidskragte aan die instelling kan wy nie; en Christelike instellings mag hulle identiteit ter wille van studentegetalle en besigheidsbedryfsredes verander (Mannoia, 2015:95).

Vir die bestuur van private hoëronderwysinstellings is dit belangrik om die magsbalanse in hoër onderwys betreffende gehalte en die verbetering daarvan te verstaan. Private hoër onderwys het die afgelope veertig jaar toenemend in verskeie wêrelddele ontwikkel (vgl. Akplu, 2016:22; Levy, 2017:22). In Ghana, byvoorbeeld, het die private hoër-onderwysinstellings vanaf 2 instellings in 1957 tot 133 instellings in 2013 vermeerder. Hierdie toename blyk positief vir private hoëronderwysinstellings te wees, maar bring ook verskeie uitdagings mee. Die toename in private hoëronderwysinstellings skep ’n beheerprobleem wat die afgelope paar jaar duidelik geword het. Hierdie probleem sluit onder meer vrae in oor wie die instellings mag beheer, watter standaarde gebruik word om die instellings te beheer en of, en in welke mate, hierdie standaarde ook die verskillende identiteite van die private hoëronderwysinstellings verreken.

Die beheer en akkreditasie van instellings het 'n groot noodsaaklikheid geword, omdat talle instellings as bedenklike instellings begin is, wat die geloofwaardigheid van ander, private instellings van bewese akademiese en professionele uitnemendheid in die gedrang bring (vgl. Makhafola, 2024). Die geloofwaardigheid van private hoërondewysinstellings word bedreig deur private hoërondewysinstellings wat nie geakkrediteer is nie (Akplu, 2016:22). 'n Kernuitdaging vir die beheerliggame van private hoërondewysinstellings is die balans tussen 'n omgewing waar die private instellings ruimte gegun word om te groei en doeltreffende beheer van instellings om die verspreidheid van instellings wat opleiding van swak gehalte bied, te voorkom (Khatle, 2012:6). Talle private instellings in Suid-Afrika is gedurende die laaste twee dekades weens 'n gebrek aan die voldoening aan die vereiste standaarde wat deur die verskillende beheerliggame gestel is, gesluit (Diedericks & Diedericks, 2022:25).

Daar word tans wyd verspreid van internasionale ranglere as aanduiders van die onderwysmatige gehalte van hoërondewysaanbod gebruik gemaak (Dembereldorj, 2018). Hierdie internasionale universiteitsranglere het die afgelope drie dekades verskyn (Kang & Mok, 2024). Van die dosyne internasionale universiteitsranglere wat in omloop is, word die volgende drie as die gesaghebbendste beskou en die meeste aangehaal:

- *Academic Ranking of World Universities* (ook bekend onder die akroniem “ARWU”), oftewel die Shanghai-rangleer
- *Times Higher Education-* (THE-)rangleer
- *Quacquarelli Symonds-* (QS-)rangleer

Melding behoort ook gemaak te word van die Ranking Web of World Universities (RWWU) wat deur die Spaanse Nasionale Navorsingsraad bestuur word. Terwyl eersgenoemde drie ranglere net 'n beperkte getal universiteite (wat as die mees vooraanstaande universiteite beskou word) volgens rangorde lys, gradeer laasgenoemde alle bestaande universiteite.

Op die 2022-ARWU-internasionale universiteitsrangleer verskyn sewe universiteite met 'n naamsaanduiding van 'n Christelike grondslag onder die boonste eenduisend universiteite. Hierdie universiteite en hulle posisie op die rangleer word in tabel 1 aangedui.

Tabel 1: Universiteite met ’n naamsaanduiding van ’n Christelike grondslag op die 2022-ARWU-rangleer

Naam van universiteit	Posisie op rangleer
Katolieke Universiteit van Leuven, België	95
Katolieke Universiteit van die Heilige Hart, Italië	501-600
Australiese Katolieke Universiteit, Australië	501-600
Pontifikale Universiteit, Chili	501-600
Hong Kong Baptiste-universiteit, Hong Kong	601-700
Katolieke Universiteit van Korea, Suid-Korea	701-800
Suidelike Metodiste-universiteit, Verenigde State van Amerika	701-800

(Bron van inligting: Shanghai Ranking, 2022)

Dit blyk dat enkele Christelik gefundeerde universiteite wel daarin geslaag het om goed op die internasionale ranglere te presteer, alhoewel Christelik gefundeerde universiteite nie in groot getalle in hoë rangordeposisies op die internasionale ranglere verskyn nie. Die voorbehoud behoort egter bygevoeg te word dat hierdie afleiding op grond van naamgewing as teken van die Christelike grondslag van ’n universiteit gemaak word en dat dit, soos vroeër verduidelik is, geen waarborg is dat die Christelike fundering aktief voor- en nageleef word in die instelling nie.

Die geval van die Pontifikale Universiteit in Chili (Pontificio Universidad Católica De Chile) is ’n waardevolle voorbeeld. Dié universiteit is reeds in 1888 gestig en is een van die oudste universiteite in Chili. Dit is, gemeet aan sy prestasie op al drie die belangrikste internasionale ranglere, Chili se akademies uitnemendste universiteit. Daarom word dié universiteit van Chili as so waardevol deur die regering en samelewing van Chili geag dat die universiteit, alhoewel dit ’n private universiteit is en ten volle deur die Rooms-Katolieke Kerk bestuur word, ten volle deur die staat gefinansier word. Dit behoort ook hier vermeld te word dat Chili die mees geprivatiseerde bestaande onderwysstelsel het (Rosenzvaig-Hernandez, 2022:1-19). Wat hoër onderwys betref, is alle studente (aan openbare sowel as private universiteite sonder winsoogmerk) in Chili geregtig op gratis staatsfinansiering (vir openbare sowel as private universiteite) of staatslenings (in die geval van winsgewende private universiteite) (UNESCO, 2021).

Verskeie missiegedrewe universiteite het wel daarin geslaag om wye erkenning te geniet, ook in internasionale ranglere, as van die akademies uitnemendste universiteite (voorbeeld word later in hierdie artikel uitvoerig bespreek). Internasionaal bekende universiteite wat byvoorbeeld nie die lys haal nie, weens die wyse waarop die soektog waaroor in hierdie artikel verslag gedoen word, uitgevoer is, sluit onder meer Baylor Universiteit in. Baylor word tussen die rangordeposisies 601-700 op die Shanghai-rangleer gelys. Gestig in 1845, staan Baylor bekend as 'n doelgerigte private Christelike universiteit in die staat Texas in Amerika. Baylor is 'n sterk, missiegedrewe universiteit wat sigself beskryf as 'n universiteit wat opleiding aan mans en vroue vir wêreldwye leierskap en diens bied deur akademiese uitnemendheid en Christelike toewyding in 'n sorgsame gemeenskap (Hankins & Schmeltekopf, 2007:12).

'n Missiegedrewe universiteit kan gedefinieer word as 'n universiteit wat naas die breë missie van 'n soeke na die waarheid, ook ander missie-elemente van 'n religieuse patriotiese, sosiale of kulturele aard insluit (Rossi, 2011:9). Voorbeelde van sodanige universiteite wat goed op internasionale universiteitsranglere presteer, is die Aligarh Moslemuniversiteit in Aligarh, Noord-Indië, die Banaras Hindoe-universiteit in Varanasi, Noord-Indië, die Chulalongkorn Universiteit in Bangkok, Thailand, die Pontificio Universidad Católica De Chile in Santiago, Chili, en die Universiteit van São Paulo, Brasilië. Die bestaan van sodanige missiegedrewe universiteite wat daarin geslaag het om volgens enige internasionaal erkende maatstaf as uitnemende universiteite erken te word, weerlê enige argument dat die inbou van 'n spesifieke of eng missie buite die algehele soeke na die sogenaamde waarheid as *summum bonum*, of hoogste en enigste waarde van 'n universiteit, noodwendig die uitnemendheid van 'n universiteit sal kortwiek.

7. Sintese vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief

Wanneer bostaande vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief vertolk word, behoort daar eerstens in ag geneem te word dat die Christelike religie in Suid-Afrika demografies nog sterker staan as in die wêreldbevolking as geheel: 'n groter persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking beskou hulself as Christene as wat die geval met die wêreldbevolking as geheel is. Die vorige keer wat landsburgers in 'n amptelike sensus oor hul religieuse oortuigings gepols is, was in 2001 (die 2011-sensus en 2022-sensus het nie so 'n vraag bevat nie). In die 2001-sensus het 79,8% van die respondente

hulself as Christene beskryf (Scroope, 2019:1). ’n Ander gesaghebbende bron en grootskaalse opname was die 2013-huishoudingsopname, waarin, vergeleke met die 2001-sensus, ’n styging aangeteken is, aangesien 82,2% van die respondente aangedui het dat hulle hulself met die Christelike religie vereenselwig (*ibid.*).

Om terug te keer na die funksies van religie in ’n samelewingsverband wat hierbo vermeld is, sou die argument uitgemaak kon word dat bloot op grond van die misdaadstatistiek van Suid-Afrika (vgl. Department Statistics South Africa, 2024) ’n versoek om die religieuse bronne van die samelewing aan te wend in ’n poging om die morele vesel van die samelewing te versterk, regverdig, eerder as om religie uit onderwys te skuif, soos wat die huidige beleid oor religie in skole gedoen het (vgl. Wolhuter, 2012). Een aspek van die misdaadstatistiek wat hier uitgelig kan word, is dat daar elke 28 minute in Suid-Afrika ’n moord gepleeg word (Kriegler, 2017:1). Bedenklike of vreesaanjaende jeugsubkulture, soos ‘izihotane’, wat die vernietiging van eie sowel as ander se eiendom behels – en wat deur sommige openbare meningsvormers as ’n vorm van selfbevestiging en selfuitdrukking afgemaak en aanvaarbaar gemaak word (vgl. bv. Ngcongco & Mnisi, 2023:1) – en die essensieel opvoedende rol van religie in menslike identiteitsvorming sou die versoek om die plek van religie in openbare skole in Suid-Afrika te herwaardeer, kon ondersteun.

Die besondere verskyningsvorme van religie in die maatskaplike ekologie van Suid-Afrika beteken ook dat religie die voor die hand liggende kragbron kan wees om deur die owerheid benut te word om die morele vesel van die land op te bou. Dit spreek duidelik uit David Jeffery-Schwikkard (wat tans aan die Universiteit van Londen navorsing doen oor die onderwerp) se ondersoek na die verband tussen religie en politiek in Suid-Afrika (vgl. Jeffery-Schwikkard, 2023:1-2). Anders as baie ander lande – hier kan daar onder meer aan Israel en die Midde-Ooste, Ierland, Indië en Bosnië-Herzegowina gedink word – is religie in Suid-Afrika nie ’n faktor wat reeds bestaande etniese of sosio-ekonomiese verdelingslyne vergroot nie, maar eerder ’n samebindende faktor. Een statistiek ter staving van hierdie stelling is dat geen politieke party wat op ’n religieuse identiteit gebou is sedert 1994 daarin kon slaag om in ’n verkiesing selfs soveel as 2% stemme op hom te verenig nie. Dit blyk wel dat Suid-Afrikaanse burgers veel meer vertroue in religieuse leiers as politieke leiers het. Volgens Jeerey-Schwikkard (2023:1-2) het navorsing en opnames bevind dat 69% van Suid-Afrikaners geen of min vertroue in politieke leiers het, terwyl slegs 24% aangedui het dat hulle religieuse leiers glad nie vertrou nie.

In die Suid-Afrikaanse konteks behoort die regeringsteenstand teen die oprigting van private universiteite, desnieteenstaande die feit dat die Wet op Hoër Onderwys wel ruimte vir die oprigting van private universiteite laat, in ag geneem te word (vgl. James, 2023:1). Hoe dit ook al sy, volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se Register vir Private Hoëronderwysinstellings bestaan daar tans 138 geregistreerde private hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika, waarvan 93 ten volle geregistreer is en 45 voorlopig geregistreer is (November 2023) (Department of Higher Education and Training, 2023:1). Dié instellings is egter wat studentegetalle, personeelgetalle en begrotings betref almal klein. Dit kan geïllustreer word deur die feit dat slegs 7,7% van alle hoëronderwysinskrywings in Suid-Afrika aan private instellings is (UNESCO, 2023:1) – ’n syfer wat heeltemal uit pas blyk te wees met die wêreldaggregaat van 33% wat hierbo genoem is.

’n Besonder problematiese aspek van die regeringsteenkanting teenoor private hoër onderwys in Suid-Afrika is dat, hoewel die Wet op Hoër Onderwys ruimte vir private hoëronderwysinstellings laat, dit niks uitdruklik oor private hoëronderwysuniversiteite, as sodanig, aandui nie. Die gevolg hiervan is dat talle instellings daarin kon slaag om as hoëronderwysinstellings te registreer (waarvan die getalle hierbo genoem getuig) en ook die reg het om grade toe te ken (in enkele gevalle selfs doktorsgrade), nieteenstaande die feit dat die Ministerie van Hoër Onderwys tot nou toe nog nie toestemming wou verleen dat die instellings die woord ‘universiteit’ as deel van hul amptelike naam gebruik nie (vgl. Poole, 2021:1). Ná regsaksie deur sommige private hoëronderwysinstellings en in opdrag van die regbank dat die Minister van Hoër Onderwys riglyne en vereistes vir die registrasie van private universiteite neerlê, het die Ministerie van Hoër Onderwys in April 2022 ’n konsepbeleid, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, oor die erkenning van verskeie soorte hoëronderwysinstellings vrygestel (vgl. Department of Higher Education and Training, 2022). Hierdie konsepbeleid maak wel voorsiening vir die amptelike registrasie en erkenning van private universiteite, asook die omskakeling van bestaande private hoëronderwysinstellings na universiteite. Van die vereistes is dat sodanige instellings, ten einde as private universiteite te kwalifiseer, nie net onderrig verskaf nie, maar ook by navorsing en dienslewering betrokke behoort te wees en oor bewese navorsingskapasiteit beskik. Wanneer hierdie beleid in werking gestel word en tot die registrasie van private universiteite lei, sal dit baie help om die sigbaarheid en aansien van private hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika te verhoog.

Uit die huidige deelnamekoerse aan hoër onderwys in Suid-Afrika kan ’n argument ook uitgemaak word dat daar meer ruimte vir die totstandkoming en

bedryf van private hoëronderrysinstellings (nie net hoëronderrysinstellings met ’n Christelike of ander religieuse grondslag nie, maar alle ander kategorieë private hoëronderrysinstellings) geskep behoort te word. Die bruto koers van deelname aan hoër onderwys in Suid-Afrika staan op 25,2% (2021-syfer) (World Bank, 2023:1). Dit is laer as die wêreldaggregaatkoers van 41% (2021-syfer) en veel laer as die aggreagaatsyfer vir hoër middelinkomstelande (die kategorie waarin Suid-Afrika val): 60,6% (2021-syfer) (*ibid.*).

Wat die onderwysmatige gehalte van private Suid-Afrikaanse hoëronderrysinstellings betref, is dit betekenisvol dat vyf van hierdie instellings op die RWWU-ranglys van die Spaanse Nasionale Navorsingsraad verskyn. Die name en rangordeposisies van hierdie instellings word in tabel 2 aangebied.

Tabel 2: Suid-Afrikaanse hoëronderrysinstellings op die RWWU-ranglys van die Spaanse Nasionale Navorsingsraad

Instelling	Rangorde
Stadio (hoofkantoor: Bellville, Wes-Kaap)	14 230
Eduvos (hoofkantoor: Midrand, Gauteng)	18 828
St. Augustine (hoofkantoor: Pretoria, Gauteng)	16 353
Centurion Akademie (Centurion, Gauteng)	18 045
Afrikaanse Protestantse Akademie (Pretoria, Gauteng)	21 456

(Bron van inligting: Spanish National Research Council, 2023)

Vervolgens word enkele opmerkings oor die inligting wat in tabel 2 verskyn, gemaak. Dit is indrukwekkend en verblydend dat sommige van die private hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika – wat almal ten opsigte van studente- en persoonsgetalle betreklik klein is en geen staatsbefondsing, hetsy in die vorm van studentegelde, navorsingsuitsette of hoe ook al, ontvang nie, en selfs te midde van regeringsteenkanting funksioneer – op hierdie internasionale rangleer presteer. Twee van die vyf instellings wat op die ranglys verskyn, is, ten minste beoordeel aan hul name, Christelik gefundeerde hoëronderrysinstellings. Dit is kommerwekkend dat by verre nie al die private hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika op die ranglys ingesluit is nie. Uit die oogpunt van hierdie artikel is dit veral kommerwekkend dat ’n hele aantal private, Suid-Afrikaanse hoëronderrysinstellings met ’n Christelike grondslag nie ingesluit is nie. Een rede hiervoor mag dalk wees dat hierdie instellings nie die woord ‘universiteit’ as deel van hul name het of

mag gebruik nie en hulle gevolglik nie in die versameling van organisasies wat die internasionale gradering van universiteite onderneem, en hier veral dan die RWWU van die Spaanse Nasionale Navorsingsraad, opgeneem (kan) word nie.

Op grond van die beskrywende data wat in hierdie artikel aangebied is, kan, met betrekking tot praktykverbetering, aanbeveel word dat Christelik gefundeerde private hoër-onderwysinstellings in Suid-Afrika die tweeledige doelstelling van akademiese of onderwysgehalte sowel as getrouheid aan hul Christelike grondslag getrou, gefokus en aktief nastreef. Wat eersgenoemde betref, ten einde gefokus te bly en sigbaar hul akademiese gehalte te toon, is dit belangrik dat hierdie instellings wel op die internasionale ranglere registreer, spesifiek (maar geensins beperk tot) die RWWU van die Spaanse Nasionale Navorsingsraad, wat vir enige hoër-onderwysinstelling toeganklik is, en nie net vir 'n beperkte bolaag soos die meeste ander internasionale ranglere nie.

Die tweede aanbeveling wat as strategie vir praktykverbetering gemaak kan word, is vir Christelik gefundeerde private hoër-onderwysinstellings in Suid-Afrika om die internasionalisering van hul instellings proaktief na te streef. Internasionalisering was nog altyd 'n onderskeidende en onmisbare hoedanigheid van universiteite (vgl. Wolhuter, 2023a:283-288). In haar klassieke en veel aangehaalde uiteensetting van die internasionalisering van universiteite, verskaf Knight (1996:123-126) die regverdiging en voordele van internasionalisering met betrekking tot universiteite se politieke, ekonomiese, akademiese en kulturele aansigkante. Netwerkvorming en die skepping van sinergiekapitaal deur internasionale betrekkings met Christelik gefundeerde hoër-onderwysinstellings in die buiteland aan te knoop, lyk na 'n belowende wyse waarop private Christelik gefundeerde hoër-onderwysinstellings hulself moontlik akademies, lewensbeskoulik en opvoedkundig kan versterk. Aangesien internasionalisering egter ook tot die nadeel van een van die betrokke partye gebruik sou kon word (vgl. Stein, 2019:1-14), behoort besluite oor internasionalisering egter altyd met die nodige erns en omsigtigheid geneem te word.

8. Gevolgtrekking

Daar moet 'n saak vir die bestaan van Christelik-gefundeerde hoër-onderwysinstellings, in die buiteland sowel as in Suid-Afrika in die besonder, uitgemaak kan word. Ten beste kan dit gevoer word deur die

openbare, sowel as die wetenskaplike gesprek oor die onderwerp sodanig te verruim dat hoëronderwysinstellings-maatskaplike kontekssemechante volledig in ag geneem word. In die maatskaplike konteks van die huidige tydsgewrig beskou, internasionaal sowel as in Suid-Afrika in die besonder, kan ’n saak ten gunste van die bestaan en selfs uitbreiding van Christelik-gefundeerde hoër onderwys beslis gemaak word.

9. Slot

Ten einde die gesprek oor Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings te voer en dié gesprek van ’n teoretiese onderbou te voorsien, is die ontwikkeling van ’n volledige en verantwoordbare meetinstrument om te bepaal wat ’n Christelik gefundeerde hoëronderwysinstelling is, gevolg deur ’n opname van die voorkoms van sodanige hoëronderwysinstellings, noodsaaklik. ’n Eerste stap wat met betrekking tot moontlike opvolgnavorsing aanbeveel kan word, is om ’n opname van huidige Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika te onderneem. Die doel van sodanige opname sal wees om Christelik gefundeerde hoëronderwysinstellings te identifiseer en data oor sodanige instellings te versamel. So ’n studie behoort ’n dokumentontleding van die geïdentifiseerde instellings, asook onderhoude met sleutelpersone verbonde aan die instellings, in te sluit. Die dokumentontleding kan in twee afdelings verdeel word, te wete ’n kurrikulumverwante dokumentontleding en ’n ontleding van amptelike dokumente, waarvan die soeklig op die identiteit van die instelling en die wyse waarop programme uit ’n Christelike oogpunt aangebied word sou kon val. Sodoende sal duidelikheid verkry kon word, aan die hand waarvan daar dan ’n geheelbeeld van die Christelik gefundeerde hoëronderwyslandskap, internasionaal sowel as in Suid-Afrika, opgebou sou kon word. Hierdie instellings kan dan in hul maatskaplike omgewing bestudeer word en die kennis en insigte wat daaruit verkry word, kan die boustof van ’n teorie oor Christelik gefundeerde hoëronderwys vorm.

Bibliografie

- AKERS, G.H. 1977. The measure of a school. *Journal of Adventist Education*, 40(7-9):43-45.
- AKPLU, H.F. 2016. Private participation in higher education in sub-Saharan Africa: Ghana’s experience. *International Higher Education*, (86):20-22.
- BENNE, R. 2001. *Quality with soul: How six premier colleges and universities kept faith with their religious traditions*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

-
- DAVIES, G. 2007. Religious education in Botswana — an example of development, progress and vision. *British Journal of Religious Education*, 29(2):141-156.
- DEMBERELDORJ, Z. 2018. Review on the impact of world higher education rankings: Institutional competitive competence and institutional competence. *International Journal of Higher Education*, 7(3):25-35.
- DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING (SOUTH AFRICA). 2022. *Draft policy for the recognition of South African higher education institutional types*. https://www.dhet.gov.za/Policy%20and%20Development%20Support/22%2008%2003%20Policy%20on%20Recognition%20of%20South%20African%20Higher%20Education%20Instituional%20Types_docx.pdf Datum van toegang: 11 Nov. 2023.
- DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING (SOUTH AFRICA). 2023. *Register of private higher education institutions*. <https://www.dhet.gov.za/SitePages/DocRegisters.aspx> Datum van toegang: 30 Sept. 2023.
- DEPARTMENT STATISTICS SOUTH AFRICA. 2024. Category archives: Crime. <https://www.statssa.gov.za/?cat=26> Datum van toegang: 19 Jun. 2024.
- DIEDERICKS, M.C. & DIEDERICKS, M. 2022. Quality of religiously-orientated higher education in South Africa. In: Amos, S.K, Masarovic, F., Rohstock, A. & Wiseman, A.W. (Eds). *Perspectives on Educational Governance*. Münster: Waxmann. pp. 73-91.
- GLANZER, P.L., CARPENTER, J.A. & LANTINGA, N.L. 2011. Looking for God in the university: Examining trends in Christian higher education. *Higher Education*, 61:721-755.
- HAGESAETHER, G. & SANDSMARK, S. 2006. Compulsory education in religion – the Norwegian case: An empirical evaluation of RE in Norwegian schools, with a special focus on human rights. *British Journal of Religious Education*, 28(3):275-287.
- HANKINS, B. & SCHMELTEKOPF, D.D. 2007. *The Baylor project: Taking Christian higher education to the next level*. South Bend, IN: St. Augustine's Press.
- JAMES, A. 2023. Private HE providers are 'sitting on periphery' of society. *University World News Africa Edition*, 25 May. <https://www.universityworldnews.com/post.php?story=20230523040715560> Datum van toegang: 21 Jun. 2024.
-

JEFFERY-SCHWIKKARD, D. 2023. Religion is seen as a threat to elections. But is this so? *Mail and Guardian*, 25, 17-23 Nov.

JULES, T.D. & SALAJAN, F. 2024. Toward the (post)qualitative turn in comparative and international education. *Comparative Education Review*, 68(2):1-4.

<https://www.journals.uchicago.edu/doi/full/10.1086/730517> Datum van toegang: 21 Jun. 2024.

KANG, Y. & MOK, K.H. 2024. China's policy responses to university rankings: Changes and new challenges. *Scandinavian Journal of Educational Research*, 68(1):67-78.

KHATLE, A.G. 2012. Developing an integrated management model for private higher educational institutions in South Africa. University of Johannesburg. (PhD thesis).

KNIGHT, J. 1996. Internationalisation: From concept to strategies. In *Proceedings of the second annual conference of the David C. Larn Institute for East West Studies, Institutional Strategies for the Internationalisation of Higher Education*. Hong Kong: Hong Kong Baptist University. pp. 123-126.

KRIEGLER, A. 2017. South African crime stats show police struggling to close cases. *The Conversation*, 31 Oct. <https://theconversation.com/south-african-crime-stats-show-police-struggling-to-close-cases-86429> Datum van toegang: 13 Nov. 2023.

LE GRANGE, L. 2018. What is (post)qualitative research? *South African Journal of Higher Education*, 32(5):1-14. <https://doi.org/10.20853/32-5-3161>.

LEVY, D. 2017. Christian higher education's place within private higher education. *International Higher Education*, 88: 22-23.

LINDHARDT, E. 2022. Human rights education as a framework for transmitting religion as cultural heritage. *Human Rights Education Review*, 5(1):5-27.

MAKHAFOLA, M. 2024. Securing your educational journey: Unmasking fly-by-night schools in South Africa. <https://www.iie.ac.za/securing-your-educational-journey-unmasking-fly-by-night-schools-in-south-africa> Datum van toegang: 18 Jun. 2024.

MANNOIA, V.J. 2015. Christian higher education: An education that liberates. *Christian Higher Education*, 14(1/2):89-107.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.

NGCONGO, M. & MNISI, S. 2023. Izikhothane: A deeper history of a South African youth subculture where luxury items are trashed. *Daily Maverick*, 31 Oct.

<https://www.dailymaverick.co.za/article/2023-10-31-izikhothane-a-deeper-history-of-a-south-african-youth-subculture-where-luxury-items-are-trashed/>
Datum van toegang: 4 Nov. 2023.

OPPENHEIMER MEMORIAL TRUST. 2023. *Education research report*.

<https://www.omt.org.za/research-reports> Datum van toegang: 3 Nov. 2023.

PEW RESEARCH CENTER. 2015. The future of world religions: Population growth projections, 2010-2050. <https://www.pewresearch.org/religion/2015/04/02/religious-projections-2010-2050/> Datum van toegang: 3 Nov. 2023.

POOLE, J. 2021, 7 Nov. The courts rule on private higher education qualifications [Blog post]. *Schoeman Law Inc.* <https://schoemanlaw.co.za/the-courts-rule-on-private-higher-education-qualifications/> Datum van toegang: 11 Nov. 2023

PROUIX, J. 2007. Is religion on the rise or on the decline? A brief socio-metric portrait of religion in Quèbec. *Canadian American Research Series*, 4(1):6-9

PROZESKY, M. 2018. Tomorrow's ethics in a globalizing world. *Journal for the Study of Religion*, 31(1):307-309.

RASMUSSEN, J.B. & RASMUSSEN, R.H. 2005. The challenge of integrating faith-learning-living in teacher education. *International Christian Community of Teacher Educators Journal*, 1(1). <https://digitalcommons.georgefox.edu/icctej/vol1/iss1/8>

ROSENZVAIG-HERNANDEZ, M. 2022. Unmaking the market: Exploring the Chilean challenges to de-privatise the educational system. *Globalisation, Societies and Education*: 119. <https://doi.org/10.1080/14767724.2022.2119123>

ROSSI, P. 2011. Mission-driven higher education in emerging academic systems. In Altbach, P.G. (Ed.). *Leadership for world-class universities: Challenges for developing countries*. New York, NY: Routledge. pp. 1-20.

SCROOPE, S. 2019. Religion. *Cultural Atlas*. <https://culturalatlas.sbs.com.au/south-african-culture/south-african-culture-religion> Datum van toegang: 13 Nov. 2023.

SHANGHAI RANKING. 2022. 2022. Academic ranking of world universities 2021. <https://www.shanghairanking.com/rankings/arwu/2021> Datum van toegang: 14 Mei 2023.

SKEIE, G. & STOKKE, C. 2022. Exploring the intersections between human rights education and religious education. *Human Rights Education Review*, 5(1):1-4.

SPANISH NATIONAL RESEARCH COUNCIL. 2023. Ranking web of world universities July 2023. <http://www.webometrics.info/about.html> Datum van toegang: 3 Jun. 2023.

STEIN, S. 2019. Critical internationalization studies at an impasse: Making space for complexity, uncertainty, and complicity in a time of global challenges. *Studies in Higher Education*, 46(2):1-14.

STEYN, H., VAN DER WALT, H. & WOLHUTER, C. 2015. A generic model of “the” education system for the purposes of making critical comparisons of policy. *Croatian Journal of Education*, 17(4):1131-1158.

TURLEY, S. 2019. *The coming rise of Christian education: How political and religious Trends are fueling a surge in Christian schooling*. Danver: Turleytalks.

UNESCO. 2021. Flexible pathways in Chilean higher education. Paris: UNESCO. <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000377998> Datum van toegang: 11 Nov 2023.

UNESCO. 2022. Private education has grown faster in South Asia than any other region in the World. <https://world-education-blog.org/2022/11/02/private-education-has-grown-faster-in-south-asia-than-any-other-region-in-the-world/> Datum van toegang: 22 Nov. 2022.

UNESCO. 2023. Statistics. <http://data.uis.unesco.org> Datum van toegang: 13 Nov. 2023.

UNITED NATIONS. 1948. *Universal Declaration of Human Rights*. <http://www.un.org/en/universal-declaration-human-rights/> Datum van toegang: 24 Des. 2018.

VAN DER WALT, J.L. & WOLHUTER, C.C. 2005. Godsdienst as ’n moontlike faktor in onderwysstelsels en die beplanning daarvan. *KOERS*, 70(1):1-26.

VOS, J.G. 1980. What is Christian education? *The Outlook*, 1980. <https://www.christianstudylibrary.org/article/what-christian-education> Datum van toegang: 31 Mei 2023.

WOLHUTER, C.C. 2008 Review of the review: Constructing the identity of comparative education. *Research in Comparative and International Education*, 3(4):323-344.

WOLHUTER, C.C. 2012. Godsdienst in onderwys in Suid-Afrika: Beligting vanuit internasionaal-vergelykende perspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 48(1&2):171- 201.

WOLHUTER, C.C. 2022. Fathoming the unexplored *Education* in Comparative and International Education. In: Salajan, F.D. & Jules, T.D. (Eds.). *Comparative and International Education (Re)Assembled*. London: Bloomsbury. pp. 41-56.

WOLHUTER, C.C. 2023a. Internationalization of higher education in South Africa: Unintended consequences brought from contextual contours. In: Khamyab, S. & Raby, R. (Eds.). *Unintended consequences of internationalization in higher education: International comparative perspectives on the impacts on policy and practice*. New York, NY: Routledge. pp. 283-297.

WOLHUTER, C.C. 2023. 2023b. Suid-Afrikaanse universiteite in die internasionale wedloop op universiteitsranglere, deel 1: Die opkoms en beoordeling van die verskynsel van internasionale universiteitsranglere. *Litnet Akademies* 20(1):313-333.

<https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n1d3> Datum van Toegang: 15 September 2024.

WOLHUTER, C.C., ESPINOZA, O. & MCGINN, N. 2024. Terra colonia? The Global South in comparative and international education as reflected in the *Comparative Education Review*. Forthcoming.

WOLHUTER, C.C. & VAN DER WALT, J.L. 2018. Wat is Fout met Suid-Afrikaanse Skole: Geheelbeeld van, en leemte in die navorsing oor skoolleierskap as sleutelfaktor. *Litnet Akademies (Opvoedkunde)* 15(2):463-485. <https://www.litnet.co.za/wat-is-fout-met-suid-afrikaanse-skole-geheelbeeld-van-en-leemte-in-die-navorsing-oor-skoolleierskap-as-sleutelfaktor/> Datum van Toegang: 15 September 2024,

WORLD BANK. 2023. World development indicators: Gross enrollment ratio, higher education. <https://databank.worldbank.org/source/world-development-indicators/Series/SE.TER.ENRR> Datum van toegang: 13 Nov.2023.